

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nabetrugting)

Skriflesing: Esegïël 8

Teks: **Esegïël 8:7-9**

Sing: TYDENS EREDIENS- Ps. 18:13; Ps. 130:1,3; Ps. 89:6,15;

In hfst. 8 is ons 14 maande later, broeder en suster. Meer as 'n jaar het sedert hfst. 1 verby gegaan. Ja, dit was omtrent presies hierdie tyd van die jaar, Aug./Sept. van 592v.C., want in hulle tydskaal op die Israelitiese kalender het ons gelees dit was die vyfde van die sesde maand van die sesde jaar van koning Jojagin se ballingskap. Dan begin hfst..8. In hfst. 1 het alles begin 593v.C. Toe was dit die vyfde van die vierde maand van die vyfde jaar, toe was koning Jojagin reeds in ballingskap.

Die Here het nou al drie heerlikheidsverskyninge gemaak. Die verskyning in hfst. 1-3:21, dan volg die tweede verskyning wat deurgaans van hfst. 3:22-7:27 en nou begin die Here die derde keer in hfst. 8 en nog steeds is daar vrae wat gevra word en sake wat uitgeklaar moet word. Israel sou teen hierdie tyd moes weet dat oor hulle straf is daar vas besluit. Tog kom die menslike faktor nou sterk na vore, waar die mens altyd wil vra, soos 'n kind wat 'n pak slae moet kry en wat dink maar dit is nie regverdig nie. Is dit billik dat die Here ons so straf. Dit vra die ballinge daar direk by Esegïël, maar soos ons weet met die eerste wegvoering toe Esegïël ook in 597vC. weggevoer was, het daar klomp in Jerusalem agtergebly. Hierdie klomp in Jerusalem agtergebly hulle het mos gedink die Here is tevrede oor ons. Ons die deugsames word beloon. Dit is net die deugniete wat die ballingskap ingaan.

Aan die ander kant al was daar die ballinge reeds weggevoer, ook hulle het heelyd wou glo dat die Here sal nie Jerusalem laat ondergaan nie. Al is hulle nou omtrent al vyf jaar uit Jerusalem uit, hulle nagedagte, hulle nabetrugting na al die dinge wat in die vorige hoofstukke staan, is dat die ballingskap moet naby sy einde wees. Hulle glo dat die politieke hemel nou ook opklaar. In Esegïël 8:1 is dit asof daar 'n soort van kommissie-vergadering by Esegïël aan huis is. Esegïël wys dat terwyl hy nog so in sy huis was, want u sal onthou die Here het Esegïël mos gebind tot net sy huis, nou kom die oudstes van Juda hier voor hom sit. Hierdie oudstes is manne wat wil weet hoe sal die vrymaking verloop. Hoe sal ons van die ballingskap bevry kan word. Hulle het gedink dinge sal mos regkom.

Hulle sou oor kerk herstel wil praat, maar geliefdes, ons nabetrugting bevat die gedagtes van die Here nie die van mense nie. Die Here het Esegïël mooi aan sy hare gevat, sy hare wat darem nou al weer tot 'n kuif kon uitgroeï en God het Esegïël aan sy kuifhare gepluk mooi toe die vergadering van oudstes hulle eie agenda wil opstel. Hulle wat redeneer en meen dit wat oor ons gesê word, is nie billik nie, toe sal die Here wys waarlik daar kan van geen onregverdigheid, geen onbillikheid sprake wees nie. Esegïël word in 'n gesig as't ware op vinnige wiede geplaas, terwyl hy daar sit kan hy vir hierdie oudstes sê wat in Jerusalem aan die gang is. Dit alles word eintlik by soort van 'n hardhandige visioen gewys, want 'n misplaaste optimisme, mense wat nie werklik wil sien wat is aan die gang nie, moet 'n slag wakker geskud word. Daar heers by die oudstes so 'n gees van ons wil nou net weet wanneer verander dinge. Dit moet mos nou begin beter gaan....

Die God wat barmhartig is, maar Hy is ook regverdig, is in alle geval weer voor Esegïël. Esegïël hoor baie duidelik dat hulle is baie vêr verwyder van die kans dat dit beter sal gaan. Weer sien Esegïël die verskyning van God soos in hfst.1. God wat in menslike gedaante verskyn, maar die beeld van die mens is in twee gedeel. Van sy

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nabetragting)

heupe af ondertoe is dit ene vuur. Die vuur straal uit die onderste helfte uit! Van die heupe af boontoe is dit egter die kant van God se barmhartigheid. Daar dra die beeld van die mens die kleur van 'n sagte keurmetaal. Esegiël sou hom weer kon verwonder oor hoe die God aan hom verskyn, maar vanaf die beeld word Esegiël deur die Gees van God Jerusalem ingebring. God gaan nou vir Esegiël presies wys wat is in Jerusalem aan die gang.

Dit sal Esegiël in alle geval tot ander insigte gebring, om God op geen manier van onreg te beskuldig nie. Inteendeel! Die oudstes van Juda is die eerstes wat moet hoor. Van hfst.8-11 word hierdie oudstes wat by Esegiël se huis vergader dan ook spesifiek aangespreek.

En wat het Esegiël gesien, broeder en suster? Dit is so belangrik dat hierdie vier dinge wat God vir Esegiël gewys het mooi deurgegaan word. In verse 3-6 vat God eintlik vir Esegiël aan sy kuif, mooi deur die stad van 'n kant af. Alles begin by die noord hek en daar wys die Here vir Esegiël kyk sommer hier by die ingang wat gaan hier aan. Die afgod Asarja, 'n Kanaänitiese godin wat kamtig die stad moet beskerm. Sy is hier aan die noordekant want dit is die rigting waaruit Israel se vyande gewoonlik Jerusalem sou inval. Nou glo Israel hierdie godin sal ons stad beskerm. Watter vertrou het Israel werklik nog in die Here as hulle sulke beelde oprig, die God wat Self sê dat Hy is 'n *jaloerse God*, Hy is alleen God. God deel nie sy mag met ander gode nie. Alle mag in die hemel en op die aarde behoort aan Hom, maar hier by die hek is dit maar net die begin van groot onreg wat teen God plaasvind.

Kan jy dit glo, Esegiël, kyk nou en wat sien jy, sewentig manne, hulle wat geroepenes moes wees, in ons terme die ouderlinge, kyk wat is hulle besig om te doen. Daar in 'n geheime kamer is hierdie broederkring, 'n soort van broederbond van daardie tyd aan die gang. Hulle dink hulle werk in die geheim, waar hulle in 'n geheime kamer aan die gode offer. Verse 7-13 beskryf dit alles volledig. Esegiël sien dit alles. So tragies hoe verval plaasvind. In die tyd van Moses in die woestyn toe was daar ook 70 man spesiaal geroep wat deur dieselfde Gees as Moses deur die woestyn gelei was. 70 man wat werklik Godmanne was.

Nou ook 70, maar eintlik absoluut die teenoorgestelde van die 70 saam met Moses. Hierdie 70 man wat dink die Here sien hulle nie. Die Gees van God is glad nie in hulle nie. Hulle is gevul met die geeste van die bese. Die een se naam word selfs genoem, Jaásanja, hy was 'n broer ook van Eliasa, seuns van Safan. Ag, hoe ken ons hierdie vroeëre familie! Dit was 'n mooi familie. Nageslag van Ahikam en Gemarja, huisvriende van Jeremia. Hoe tragies want spesifiek hierdie man se familie was naby die Here. Sy voorgeslag het in die hervormings van koning Josia in 2 Kon.22:3-14 voorgevat toe die kerk kon reformeer. Nou staan hierdie man, Jaásanja- sy naam beteken nogal – die Here vertrou- maar nou staan hy in die kring van manne met 'n wierookpan in die hand en daar gaan reukwerk op vir allerhande afskuwelike afbeeldinge van kruipende en viervoetige diere, hulle laat die rook opgaan vir allerhande dreggode wat al rondom op die muur uitgesny was. Paddas, slange, krokodille, kewers, goggas, katte, honde, bulle kalwes is nou op hulle verering lys!

Kan God dit miskyk, daar is nie manier nie broeder en suster?! Hulle dink so, hulle wat die ouderlinge van hulle tyd moes wees, maar hoor hoe die Here by herhaling dan vir Esegiël vra- mensekind sien jy hierdie dinge...(vgl. vv.6,12,15,17).

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nabetragting)

God het vir Esegiël nog vêrder in Jerusalem rondgelei. Nou nader na die tempel toe. By die noordehek van die tempel, daar is nie manne nie, maar nou weer hulle wat die vroue in die Here se kerk moes wees, maar waarmee is hierdie vroue besig. Die Here wys vir Esegiël hoe sit die vroue daar en hulle beweën Tammus, 'n Asiatiese/ Babiloniese god, ook genoem die koringgod, aan wie die vierde maand van hulle jaar-by ons Jun./Jul maand gewy moet wees.

Watter kamtige liefde, sieklike liefde wat hulle uitstraal. Daar is geglo as die mans die koring afsny dan moet Tammus beweën word, want die uitgegroeide lewe is afgesny. Hulle wil die uitbottende lewe van die koringkorrel vergoddelik en daarvoor is daar die god Tammus. In hulle trane glo hulle kan hul met Tammus na die onderwêreld afdaal om dan met moeite die groeimagte vanuit die duisternis te ontworstel. Volgende jaar dan bot Tammus weer uit in al die nuwe koringkorrels. Dan is Tammus weer die "seun van die lewe". Die seun, hy is kamtig die geliefde van Astarte die godin van wellus. Soos die mans dan Astarte vereer, so soek die vroue na Tammus in hulle hoerediens.

Hierdie ritueel van hierdie vroue, hulle hoeretrane het weer sy oorsprong van die Babiloniërs, waar hulle dan glo hulle kan deur die bewening van Tammus die onderwêreld van die godin Dumuzi betree, waar daar dan met die dooies kontak gemaak kan word en nou kan hulle trane lewe bring. Die verlies aan krag en lewe word geglo as hulle diegene beweën dan sal hulle tot die lewe van vrugbaarheid ook kan terugkeer. Hierdie vroue het geglo deur hierdie diens sal hulle as vroue ook 'n magsfaktor in die politiek kan word. Veral as hulle die Asiatiese Tammus en die Babiloniese Tammus gelyk vereer.

Nou vat die hand van die Here Esegiël na die vierde toneel. Die hand wat ons al dikwels kon lees op Esegiël kom en dinge breek nou heeltemal oop. Esegiël wat deur die voorhofmuur moes breek, kom nou in die lewe van totale afbraak wat daar in Jerusalem reeds plaasgevind het. Hy wat afgode sien, manne wat veronderstel was om die leiding te neem, vroue wat 'n voorbeeld moet wees, maar hy sien niks van hierdie dinge wat die Here van ons kan verwag nie, trouens kyk wat sien hy nou! Mense, verbondskinders, die kerk van die tyd, die jeug wat die son vereer! Daar staan 25 jongmanne met hulle rug na die tempel, sommer hier by die koperaltaar, binne-in die binneste voorhof en hulle is besig om aanhoudend ooswaarts te buig in die rigting van die opkomende son. Hulle dien die Assiriese songod, die liggod, soos hulle glo, ter wille van die politiek om hierdie afgod gunstig te stem vir stad en land.

Hierdie is 25 jongmanne, wat veronderstel was om die leiers van die toekoms te wees, maar soos wat mens in die hoofstuk dieper inkom so wys die Here ons hoe gebeur verval. Hier dien die jonges die afgode nog openlik, maar word hulle ouer, dan begin jy kamtig al meer behendig te raak. Dan doen jy dinge al meer in die geheim, in raadsale en kamers word daar dan saamgekom, want die 70 oudstes was nie so openlik soos die 25 jongstes nie, daar agter die mure het die oudstes die Egiptiese gode wou dien, daar in hulle geheime kamer waar die misterie diens plaasvind.

Maar broeder en suster, of jy nou oud of jonk is, man of vrou, wat wys die Here in werklikheid vir Esegiël. By nabetragting besef ons, daar buitekant die stadsherk, Jerusalem daar het God se begeleide toer met Esegiël al begin, God kom met hom in die strate en al nader word daar na die kerk van daardie tyd beweeg. Na die tempel, tot

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nabetragting)

hy naderhand in die tempel kon wees. En waar mens verwag in die kerk dit darem nou anders moet wees, maar juis hier word dit die ergste. Al die soorte van afgodediens vind plaas, die Kanaänitiese, die Babiloniese, die Egiptiese gode kry almal 'n plek, hulle word deur allerhande manlike en vroulike beelde en figure voorgestel en hierdie multi religieuse ruimtes word voorgedhou asof dit vir almal reg en aanvaarbaar moet wees as dit so plaasvind.

Dit sal kamtig 'n sonde teen die mensdom wees, as ons mekaar se gode nie toelaat nie. Dit is die bekende taal en gebruik ook van ons tye. As ek nie almal se reg tot hulle eie godsdienste respekteer nie, dan is ek mos in vandag se terme met sonde teen die mensdom besig! Wie is hierdie mensdom, ja wie is hulle? Hulle is maar daardie mense wat ons by nabetrugting in Jerusalem sien rondloop... Hulle wat op geen wyse God van onreg kan beskuldig as God vir Esegïel weer uit die stad daar voor die oudstes in sy huis by die Kabaroe terugplaas en dan kom die vraag retories na almal terug. Is God nou onregverdig as Hy straf, terwyl dit juis God is wat soveel onreg moet verduur. Vir hoe lank nog?!

Moet hierdie God, die ware God, ons Hemelse Vader, maar so in ons lewens uitgesluit word? As die Here vir Esegïel opdrag gee, breek deur daardie muur waar die oudstes dink hulle met hulle geheime handeling besig is, dan is die opdrag tot mure wat gebreek moet word, ook ons opdrag. Na vandag se Nagmaal, as daardie oudstes saam met Esegïel in sy huis vergader sit, is die uiteindelijke vraag- wie is reg?! Die oudstes wat wil hê Esegïel moet nou ook maar net met hulle saamwerk, Esegïel moet nou ophou net daar in sy huis God se oordele aan te kondig. Hy moet aanvaar al die dinge wat gebeur doen hulle ter wille van mekaar, tot mekaar se voordeel, want so glo die manne by Esegïel ons in die vreemde moet die politiek maar ook so speel, dat ons vir ons eie belange en toekoms ook planne moet maak, want ten diepste wil ons tog weer na Jerusalem teruggaan, daar waar ons glo al die dinge weer gaan regkom. Ja, so naïef is hulle, want wie sou nou werklik kon glo dat dit in Jerusalem so gaan, soos wat Esegïel nou gesien het dit daar gaan.

Daardie muur van jou en my eie vooropgestelde idees is iets wat gebreek moet kan word. As ek God in die volle werklikheid sien, dan sien ons ook vuur. Die man met sy hele onderste lendene brand want dit is teen Hom wat God is teen Wie daar so gruwelik gesondig word. In sy kerk gebeur dit, wat kan ons nog die wêreld blameer!

Esegïel en die manne by hom is maar ses jaar werklik uit Jerusalem weg gewees en dié dag toe hy nou weer mooi kon sien wat is nou werklik aan die gang, broeder en suster, toe besef hy God se strawwende geregtigheid is nie eers 'n milligram te swaar nie. Met reorganisasie kan dinge nie regkom nie, alleen net met reformasie. Laat hervorming plaasvind, hou op om te dink as ek heelyd net herontwerp en reorganiseer dan sal ek God ook kan organiseer. Die God wat Hom nie deur mense laat organiseer nie.

Die God in Wie Christus Homself bekendmaak as die Een wat jou en my in vergelyking met Esegïel ook aan ons kuifhare kan nader ruk en sê word wakker. Moet nie na alles maar net so ná hulle buitekant kyk nie en dan dink hoe wonderlik is dit om in Pretoria te wees en nogal in die Paul Krugerkerk nie. Die tyd is reg dat ons deur die muur van ons eie binnekamers moet breek. By nabetrugting besef ons ek moet in my hart begin afgrawe. Dit is nie maklik om deur die mure van 'n mens se eie hart te breek nie.

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nabetrugting)

Daarvoor het ons reeds die Kategismus ook aan die begin van die maand by Sondag 33 oop gehad. Die ware bekering van die sondaarmens is waar ons by moet uitkom.

Ja en dit is belangrik om werklik deur die regte mure te breek. Daar in die nes van die oudstes daar het Esegïël hulle gesien. Hulle wat so maklik die vinger na andere kan wys. Maklik breek ons mure, maar ons breek die verkeerde mure. Dit is so maklik om die wêreld skuld te gee. Maklik breek ek deur na die wêreld en sê dat ons darem in 'n vreeslike wêreld leef. Ek kry maklik ook deurbreek na die mure van my buurman, of buurgemeentes. Dit is darem so lekker om te sien watter gruwels ons daar in hulle binnekamers kan uitkrap. As die Here vir Esegïël aan die kuifhaar nader trek, dan wil God dat jy moet deurbreek tot in die kamers van jou eie hart. Breek deur die muur van hierdie kerk en kyk wat is werklik by ons aan die gang.

Daardie oudstes, daar was klaar 'n gat in hulle muur en Esegïël moes deurbreek. Dieper en dieper in- breek deur die muur, kyk daar was 'n deur, dan ook moet hy daardeur. Daar diep het hulle gruwels in Esegïël se oë gekom. Ons het nie kleiner gruwels nie, ons moet inbreek in ons lewens in. Ons wat Christus leer ken as die Een wat die middelmuur van skeiding klaar afgebreek het, kom by Hom uit en hoor Hom as Hy sê dat Hy selfs klaar vir ons 'n deur in ons gebreekte mure ingesit het. Hy is die deur, ja Hy is die weg, die weg, die waarheid en die lewe. Moet nie aan takke loop en ruik nie, moet nie probeer om soos 'n hond en sy jagter ander se spore te volg nie, kyk na die spore van u eie hart en ruik nie aan takke nie, maar breek by u eie hart in en smee God dat hierdie hart reg mag kom, ook na vandag se Nagmaal. Is die gat in u hart al daar? Dan kan daar verder deurbreek word...

AMEN